

ECOSOIL NUUS

SORG VIR JOU GROND EN JOU GROND SORG VIR JOU.

SEPTEMBER 2009

ECOSOIL SE MISSIE is om produkte en dienste aan boere te lewer wat hulle in staat sal stel om winste op 'n volhoubare en omgewingsvriendelike manier te verhoog, deur hulle afhanklikheid aan bemestingstowwe en plaagdoders te verminder, asook om produksie-volume en -kwaliteit te verhoog. **ONS WAARDESISTEEM:** Eerlikheid, Integriteit, Passie

Reuse sukses met droëland

mielie-eksperiment:

6% produksieverhoging en

R280/ha hoër netto wins

Na ons onlangse sukses in die Wes-Kaap met produksieverhogings van 14% op droëland-koring en gepaardgaande proteïen-inhoud verbeterings van 0.5%, was ons baie opgewonde om Ecosoil se kompostee op droëland mielies op die eksperiment te stel. Derhalwe is 'n beheerde eksperiment opgestel ten einde bewys te lewer dat Ecosoil se kompostee inderdaad opbrengste op droëland mielies noemenswaardig kan verhoog, asook dat dit tot kunsmisbesparings kan lei.

Ecosoil is baie dank verskuldig aan Flip van der Merwe wat sy grond, planter, stroper en boonop so baie van sy eie tyd aan hierdie eksperiment afgestaan het.

Die eksperimentperseel was in totaal ongeveer 2 hektaar in omtrek en het die vorige seisoen sonneblomme gedra. Die minimum bewerkingsplanter is toegerus met tenke en pompe om die Kompostee-Apex mengsel direk op die mieliesaad te spuit. Die Apex is 'n voedingsmedium wat die mikrobies in die kompostee verder vermeerder in die grond. Die witmielie kultivar PHI 30B95 is gebruik. Daar was 8 behandelings en 4 herhalings van elke behandeling.

Kunsmis van twee verskillende firmas is gebruik teen twee verskillende bemestingspeile. Die N,P,K-waardes word in tabel 2 opgesom. Soos gesien kan word het verskaffer B se kunsmis meer fosfor (P) en minder stikstof (N) as verskaffer A.

Tabel 1: Opsomming van behandelings

	Kunsmis Behandelings			
	Verskaffer A		Verskaffer B	
Kompostee Behandelings	220kg 3:1:0(30)	180kg 3:1:0(30)	230kg 5:4:0(21)	200kg 5:4:0(21)
Sonder Kompostee en Apex	1	3	5	7
Met 100L Kompostee en 5L Apex	2	4	6	8

Tabel 2: N,P,K - waardes toegedien

Behandelings-nommer	Behandelings	Toegedien per behandeling		
		N	P	K
1,2	220kg 3:1:0(30)	49.5	16.5	0
3,4	180kg 3:1:0(30)	40.5	13.5	0
5,6	230kg 5:4:0(21)	26.9	21.4	0
7,8	200kg 5:4:0(21)	23.4	18.6	0

Alle bemesting is tydens die plantproses toegedien en geen opvolgbemesting is gedoen nie. Dit is standaardpraktyk op die plaas om vir 'n mielie-oes van 4.5 ton te bemes en daar word gevolglik 40kg N en 15kg P tydens die plantproses toegedien wat met 'n verdere 35kg N later opgevolg word. Daar was dus met hierdie eksperiment heelwat minder kunsmis as met die normale praktyk toegedien.

Tabel 3: Effek van Kompostee en Apex behandeling

Behandelings	Ton/ha	% verandering	Vog	Hecto-liter massa	Proteïen inhoud	Olie inhoud	Maal indeks
Sonder Kompostee en Apex	4.05 a		11.15 a	76.14 a	6.91 a	3.68 a	82.69 a
Met Kompostee en Apex	4.31 b	6%	11.30 a	76.35 a	7.00 a	3.64 a	82.06 a
LSD	0.23		0.24	0.58	0.28	0.25	2.59

Oor al die kunsmistoedienings het die byvoeging van Ecosoil se Kompostee en Apex gemiddeld tot 'n 6% produksieverhoging gelei (sien tabel 3). Hierdie is 'n statisties-betekenisvolle verskil. Die koste van die behandeling was R110/ha en teen 'n mielieprys van R1500/ton beteken dit 'n verhoging in inkomste van R390/ha en 'n gevolglike winsverhoging van R280/ha.

Tabel 4 (bladsy 2) toon die effek wat Ecosoil se kompostee-Apex behandeling in kombinasie met die verskillende bemestingsbehandelings gehad het. By al die verskillende behandelings het die byvoeging van Ecosoil se Kompostee en Apex tot 'n opbrengsverbetering van tussen 4 en 9% gelei, met 'n algehele gemiddelde opbrengsverhoging van 6% (Tabel 3). Wat ook insiggewend is, is dat die opbrengs van die laer bemestingspeile met kompostee goed vergelyk met die opbrengste wat behaal is met die hoër bemestingspeile sonder kompostee (vergeelyk behandeling 1 en 4, asook 5 en 8). Dit is voorts net so insiggewend dat behandeling 2, waar 40.5 kg N en 13.5 kg P saam met kompostee toegedien is,

Tabel 4: Interaksie effek van verskillende bemestingspeile met Kompostee en Apex

Behandelings- nommer	Behandelings	Ton/ha	% ver- andering	Vog	Hectoliter massa	Proteien inhoud	Olie inhoud	Maal indeks
1	220kg 3:1:0(30)	4.45 ab		11.40 a	76.25 a	6.88 a	3.40 b	82.28 a
2	220kg 3:1:0(30) + 100L KTe + 5L Apex	4.71 a	6%	11.43 a	76.37 a	7.23 a	3.48 b	82.75 a
3	180kg 3:1:0(30)	4.35 ab		11.32 ab	76.52 a	6.75 a	3.40 b	81.83 a
4	180kg 3:1:0(30) + 100L KTe + 5L Apex	4.51 a	4%	11.32 ab	76.48 a	6.90 a	3.60 ab	81.18 a
5	230kg 5:4:0(21)	3.99 bc		10.90 b	75.98 a	6.90 a	3.90 ab	84.45 a
6	230kg 5:4:0(21) + 100L KTe + 5L Apex	4.29 ab	8%	11.25 ab	76.43 a	7.05 a	3.70 ab	83.78 a
7	200kg 5:4:0(21)	3.42 d		10.98 ab	75.82 a	7.13 a	4.00 a	82.20 a
8	200kg 5:4:0(21) + 100L KTe + 5L Apex	3.73 cd	9%	11.20 ab	76.15 a	6.83 a	3.78 ab	80.55 a
	LSD	0.46		0.47	1.15	0.56	0.50	5.19

'n opbrengs van 4.7 ton opgelewer het. Vergelyk hierdie resultaat met die standaardpraktyk ingevolge waarvan 'n verdere opvolgbemesting van 30 kg N vereis word ten einde soortgelyke opbrengste te behaal. Vir 'n volledige verslag oor hierdie eksperiment kan u ons webtuiste besoek.

Hierdie resultate bewys dus onomwonde dat dit uiters noodsaaklik is om grondlewe te stimuleer. Die beste en goedkoopste manier om dit by droëlandgewasse te doen, is om Ecosoil se Kompostee en Apex op die saad toe te dien tydens die plantproses. Lees meer op ons webtuiste oor kompostee en hoekom jy dit nodig het. Binne een seisoen sal verbeterde groei, verbeterde produksie (in die geval van eenjarige gewasse) asook verbeterde grondvrugbaarheid waargeneem word. Kyk gerus na ons kliënte se terugvoer op ons webtuiste.

Grootskaalse produksie van kompostee deur Ecosoil vereenvoudig

Daar is 100L Kompostee en 5L Apex per hektaar by die eksperiment hierbo toegedien. Boere plant gemiddeld van 20 ha tot 100 hektaar per dag. Daar moet dus daaglik

2500L tenk



2 x 5000L tenke




Die borrelpype onder in die tenke. Die vlekvrye staalsif waarin die kompos gegooi word, is sigbaar.



Koringplanter met 1000L tenk vir kompostee. Die kompostee word met 'n diafragma pomp uitgepomp.



Die Apex word uit 'n aparte tenk met 'n dositronpomp gedoseer.



Die Kompostee-Apex mengsel word op die saad gesuipt terwyl dit geplant word.